1 Johannes

Studiegids / Les 1

Inleiding : Agtergrond van 1 Johannes

Die eerste brief (sendbrief) van Johannes is teer, gerusstellend, liefderyk en prakties. Hoewel dit vol teologiese waarhede is, is dit steeds soos ‘n brief wat deur ‘n herder aan sy kudde geskryf word. Destyds was briewe die medium waarmee gekommunikeer is, en waarin die geskiedenis of gebeure weergegee is sodat dit duidelik met die komende geslagte sou praat. 1 Johannes, wat geskryf is aan die vroeë kerk, is so ‘n brief. Vandag is dit deel van die Heilige Skrif en steeds relevant. Vir baie eeue was 1 Johannes gesien as ‘n algemene sendbrief omdat dit nie aan ‘n spesifieke kerk of persoon gerig is nie en omdat die boodskap toegepas kan word op alle gelowiges.

Van al die boeke in die Nuwe Testament begin net Hebreërs en hierdie brief sonder die gebruiklike formele groet en verklaring van outeurskap. Volgens Christelike oorlewering word beweer dat die Apostel Johannes dit geskryf het terwyl hy in Efese(Hedendaagse Turkye) gewoon en onderrig gegee het. So ook die Evangelie van Johannes en twee ander sendbriewe. Dele van die Evangelie van Johannes is in Egipte gevind en datering daarvan het getoon dat dit waarskynlik voor die sendbriewe geskryf is. In geen van hierdie briewe word daar iets genoem oor die vervolging van christene deur die Romeinse keiser Domitianus in 95 NC nie. Die aanvaarde datum van hierdie boek is rondom 90 NC toe Johannes al tussen 80 en 90 jaar oud was. Hy het ‘n vol lewe gehad en sou nie ‘n martelaar wees soos die ander apostels Jakobus, Petrus en Paulus nie. Johannes was egter verban na die Griekse eilandjie Patmos voor hy dood is. Terwyl hy daar was het hy openbaringe van God ontvang wat hy neergeskryf het as die boek van Openbaring. Dit is die laaste boek van die Nuwe Testament.

As jongeling het Johannes ‘n vurige humeur (Luk 9:54) gehad en was hy parmantig en luidrigtig.(Mark 3:17). Tog is hy bekend as die dissipel “vir wie Jesus baie lief was” (Joh 13:23; 19:26; 20:2; 21:7;20).Sy moeder en sy broer Jakobus was ook volgelinge van Jesus. Die twee broers het in die familie se visbesigheid op die See van Galilea gewerk, toe Jesus hulle geroep het as Sy volgelinge. Johannes se liefde vir Christus het met die jare sy persoonlikheid gevorm. As beminde ouderling in Efese is Johannes besorgd oor die jong kerke in Asië. Hy sien die struikelblokke vir jong gelowiges en die gevaar van dwaalleringe wat kan insluip om *“as dit moontlik was, die uitverkorenes te mislei.” (Mark 13:22)* Hy wil hulle daarteen waarsku! Hy sou ‘n brief skyf wat na al die kerke gestuur kan word: ‘n brief wat lank na sy fisiese stem gesterf het nog kon voortleef om mense te waarsku om die bose te vermy, die Waarheid te herken en om hulself te bewapen met God se Liefde, Lewe en Lig. So het die brief, wat ons vandag ken as 1 Johannes, uit sy pen gevloei onder die inspirasie van die Heilige Gees.

Hierdie brief bevat teologiese, geestelike en sosiale toetse om valse gerustheid te ontbloot, en werklike geloof te vestig. Johannes verklaar dat, as jy bely dat Jesus die Seun van God is wat vlees geword het, jou dade en optrede ook die liefde van God sigbaar behoort te maak. Naasteliefde is steeds die sigbare teken dat iemand aan God behoort en Hom bely.

Ons leef in ‘n eeu van menige vals doktrine, min regverdigheid of werklike liefde. Die resultaat by baie is verwarring en onsekerheid oor die ewige lewe. Die sekerheid wat verkry word uit die studie van 1 Johannes kan gelowiges groot vreugde en vrede en vrymoedigheid gee om na God te gaan om ander van Hom te vertel. Johannes wil die roete na die “nou weg” aandui waarvan daar in Mat 7: 13-14 gepraat word. Hierdie weg lei na die ware geloof.
Kortliks, hierdie boek kan vandag nog vir ons dieselfde doen as waarvoor die outeur dit aanvanklik bedoel het, toe hy dit vir die oorspronklike luisteraars geskryf het.

Besin oor die volgende: Dwaalleringe en verkeerde optredes jeens mekaar beïnvloed dikwels gemeenskap met God en medegelowiges. Gemeenskap met ander impliseer tog eensgesindheid onder mekaar. Aangesien Christene saam deelgenote in die geloof is, sou enigiets wat een van die gelowiges se eensgesindheid bedreig, die hele groep se eensgesindheid beinvloed. Johannes se briewe is vol riglyne vir die gemeenskap van gelowiges – hoe om aan die

Kopiereg 2002 “Community bible study international’
CBS Alle regte voorbehou.

Waarheid vas te hou, hoe om, om te gee vir ander, met mekaar oor die weg te kom en hoe om ‘n ander se laste te help dra. Ons gemeenskap met gelowiges is ‘n gawe van God. Ons het dit nodig en ons moet dit koester.

Die grootste dwaalleer in Johannes se tyd wat gedreig het om die jong gelowiges se geloofslewe te verswelg, was Gnostisisme – wat wou ontken dat Jesus werklik mens was. Dit was gebaseer op die idee dat die gees van die mens goed is, maar materie (alle materiële goed insluitend die menslike liggaam) boos is.Hierdie dwaalleer is in kontras met ‘n hedendaagse dwaalleer wat beweer dat Jesus ‘n historiese figuur was, ‘n goeie man, leraar en selfs ‘n profeet, maar niks meer nie. Gnostisme leer die teenoorgestelde deurdat Jesus Christus nie werklik ‘n vleesgeworde mens kon wees nie, want alle fisiese dinge is materie - en materie is boos. Die Gnostiste maak die gevolgtrekking dat Jesus Christus slegs ‘n geestelike entiteit was en dit wat mense gesien het slegs ‘n drogbeeld was! Beide die dwalings waar Jesus as slegs ‘n mens of Jesus as slegs God gesien word, beroof ons van ons Saligmaker, ons saligheid en ons hoop wat so duidelik in Joh 3:16 uitgedruk word:
“*God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”*

God het jou en my so lief dat Hy Sy enigste Seun gestuur het om een van ons te word, ‘n vleeslike mens. Dit was slegs deur volledig mens te word dat Hy volledig versoek kon word soos wat ons versoek word. (Heb 4:15) Tog het Hy gekies om nie te sondig nie, maar om gewilliglik vir ons aan die kruis te sterf, en sodoende ons plaasvervanger te word en die straf op Hom te neem wat ons verdien. (Fil 2:6-8). Die enigste vereiste wat God aan ons stel om hierdie vryspraak en die ewige lewe te kry, is om Christus se offer en God se gratis redding te aanvaar en te glo.(Joh 3:16; Ef 2:8-9) As Jesus Christus maar net ‘n mens was en nooit God nie, sou Sy dood nie veel meer beteken het vir enige van ons as die dood van ‘n ander goeie mens nie. Hoe kan die dood van ‘n blote mens versoening bring vir die sonde van die hele wêreld? As Jesus Christus net God was en nooit mens nie,sou Hy nooit ons skulde op Hom kon neem en aan die kruis daarvoor kon boet nie, want Hy moes mens gewees het en sondeloos geleef het om in ons, mense, se plek te kon sterf. Die goeie nuus is dat Jesus beide God en mens in een Persoon was.
“As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem. (1 Tim 3:16)
Paulus het in sy brief aan die Kolossense geskryf: *“In Hom is die volle wese van God beliggaam.” (Kol 2:9)*
Jesus is die Here!

Ons gaan 1 Johannes bestudeer aan die hand van die volgende indeling:

1.INLEIDING	Agtergrond: Johannes se rede vir die boek.
2. DIE WOORD TUSSEN ONS	Definieer Jesus as die Seun van God.
3. LEWE IN DIE LIG	Die vreugde van gemeenskap met God.
4.OPENBARINGE VAN DIE NUWE LEWE	Hoe om as kinders van God te leef en Satan te oorwin.
5.ERVAAR GOD SE LIEFDE	God se liefde aan die werk in ons.
6.WAARHEID EN LEUEN	Hoe waarheid sigself opbenbaaar in kontras met die leuen.

Persoonlike opsomming: Gestel die apostel Johannes was vandag nog hier, sou hy dieselfde waarhede aan ons wou kommunikeer? Indien wel, sou ons nodig gehad het om dit te hoor en toe te pas? Meeste van ons sou waarskynlik sê “Ja”; andere mag dalk eers daaroor wil dink. Kom ons kyk dan meer indringend na hierdie diepgaande brief, 1 Johannes, sodat God self daardeur in ons harte kan spreek.

Kopiereg 2002 “Community bible study international’
CBS Alle regte voorbehou.

Tuisstudie vrae

Kommentaar hersiening: Inleiding

1) Wat in les 1 maak u opgewonde oor die voortsetting van die 1 Joh studie?

Vrae vir les 2: Die Woord om ons – 1 Joh 1: 1-4

Wanneer u die studie begin, hou in gedagte dat die mense aan wie hierdie brief gerig was, bevoorreg was om die Apostel Johannes as hul mentor te hê. Johannes het drie jaar intiem saam met die mens, Jesus Christus, gelewe en sedertdien ‘n aantal dekades ‘n geestelike verhouding met Jesus gehad . Johannes was hul leraar en is nou ook ons’sn. Hy moes waarskynlik iets van die realiteit van Paulus se gebed aan die Efesiërs ervaar het.

“*dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. 18 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. 19 Mag julle sy liefde ken, die liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.” (Ef 3:17-19)*

Lees 1 Johannes deur, en lees dan weer 1 Joh 1:1-4 tesame met die Evangelie van Johannes. (Joh1:1-18). (Voordat jy begin, vra God om jou te help verstaan wat jy lees. Beantwoord dan die vrae na die beste van jou vermoë en moenie bekommerd wees as sommige van die vrae dalk moeilik is nie. Vrae sal later in groepsverband behandel word en van nut wees, so ook die kort lesing wat sal volg. Bybelse waarhede sal langsamerhand duidelik word hoe meer u groei in die die liefde, genade en krag van ons Here. Vrae met ‘n asterisk (*) verg dieper oordenking.)

Die Woord, 1 Joh 1:1-4 en die Evangelie van Johannes 1:1-18

2) a. Wie is die Woord?

b. Hoekom word Hy die Woord van die Lewe genoem?

c. Hoe lank bestaan die Woord al?

d. Wat is die Lig?

e. Hoe leef ons in die Lig?

f. Wat is die resultaat daarvan om in die Lig te lewe?

g. Wat is die duisternis?

*h. Wat is die huidige verwantskap tussen Lig en duisternis?

3) a. Stip Johannes se persoonlike belewenisse met die Woord (Jesus) neer deur van die volgende gedeeltes gebruik te maak. (1 Joh 1:1-4 en Joh 1:1-18)

b Het u al ‘n persoonlike ontmoeting gehad met die Woord? Indien wel, beskryf dit.

Kopiereg 2002 “Community bible study international’
CBS Alle regte voorbehou.

4) Wat sê Johannes ivm Christus se vleeslike koms?

5) Wat sê jy van die wyse waarop Christus in die wêreld ontvang word?

6) Wat moet ons doen om Christus te as Verlosser te ontvang?

7) Verduidelik in jou eie woorde (of gebruik ‘n woordeboek) die gevolg daarvan om Hom as Verlosser te ontvang:

a. Om kinders van God te word

*b. Uit God gebore te wees.

c. Genade en waarheid te ontvang

d. ewige lewe

e. gemeenskap van gelowiges

f. gemeenskap met die Vader en Sy Seun, Jesus Christus

g. vreugde

8) a. Hoe sê Johannes kan ons die Vader “ken”?

b. Ken jy die Vader? Indien wel, maak dit enigsins ‘n verskil aan jou lewe?

Persoonlike gedagte: Johannes eindig sy gedeelte met “*Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.” (1 Joh 1:4)* Op watter wyse is dit moontlik?

Kopiereg 2002 “Community bible study international’
CBS Alle regte voorbehou.